DISSIPLINE

Geagte ouers en leerlinge

Die Akademie Reformiastelsel is in ooreenstemming met ons skool se ETOS, en ten einde Christelike tradisie van die skool te beskerm word die volgende dissiplinêre beleid daar gestel. Akademie Reformia se ouers, leerlinge en onderwysers verbind hulle plegtig tot die daarstelling van 'n skoolklimaat waarbinne opvoeding en leer optimaal kan plaasvind. Om hieraan te voldoen, is dit noodsaaklik dat die skool oor 'n praktiese, uitvoerbare beleid beskik wat sal verseker dat die skool se kurrikulêre en buite-kurrikulêre onderwysprogram so ordelik moontlik sal verloop.

GEDRAGSKODE:

Die Bestuur van Akademie Reformia aanvaar hierdie gedragskode vir leerlinge. Die gedragskode as dissiplinêre beleid beoog volgens die Suid-Afrikaanse Onderwyswet (84 van 1996) dat daar 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing geskep moet word wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses.

Die gedragskode bevat die bepalings van 'n behoorlike regsproses om die belange van die leerlinge en enige party wat by dissiplinêre handelinge betrokke is te beskerm.

DIE BENADERING EN TOEPASSING VAN DIE BELEID:

Hierdie beleid dien as maatreël om te verseker dat geen leerlinge deur sy/haar eie ongeoorloofde optrede, of deur die ontoelaatbare gedrag van een of meer medeleerling verhoed sal word om tot volle persoonsverwerkliking te kom nie.

OPVOEDKUNDIGE BENADERING:

Die beleid sal in 'n gees van goedgesindheid, liefde en ondersteuning toegepas word, soos volg:

1. Leerlinge sal met sensitiwiteit en begrip aan die toepassing van reëls onderwerp word.

2. Simpatieke gesagsleiding teenoor alle leerlinge sal geskied.

3. Erkenning van die leerling se waardigheid en eiesoortige aard van die lewensfases waarbinne die leerling hom/haar bevind, sal hoë prioriteit geniet. Daarom 'n onderskeid tussen die Grondslag (Gr. R – 3), Intermediêre- (Gr. 4 – 6) en die seniorfase aangesien daar 'n verskil is tussen leerlinge se vlak van gewetensvorming, normatiewe onderskeiding en sedelike- selfstandige besluitvorming.

4. Met Graad 7-leerlinge is daar reeds 'n hoër mate van normatiewe onderskeiding en gewetensvorming asook 'n groot mate van verantwoordelikheid. Daarom is daar vanaf Graad 7-leerlinge 'n strenger toepassing van die reëls en 'n verwagting dat die leerlinge 'n voorbeeld sal wees vir junior leerlinge.

SEDELIK- GODSDIENSTIGE BENADERING:

God het elke leerling geroep tot 'n doel en verwesenliking daarvan. Ingryping sal geskied indien dit blyk dat 'n leerling se gedrag en houding nie aan Christelike verwagting voldoen nie.

VERBOD OP LYFSTRAF:

- **BESLUIT VAN BESTUUR**

Tug ten opsigte van dissipline is aanvaarbaar maar nie ten opsigte van leerprobleme nie.

- **PROBLEEM**

❖ Siening van dissipline verskil van ouer tot ouer. By die skool is 'n uniforme sisteem van dissipline noodsaaklik vir ordelike funksionering en optimale onderrig.

❖ Onderwysers ervaar soms 'n gebrek aan samewerking van die ouers ten opsigte van die afhandeling van opdragte en dan beland 'n kind in die moeilikheid.

❖ Dit is baie frustrerend vir die onderwysers indien herhaalde probleme ten opsigte van afhandeling van take by dieselfde leerling opduik.

❖ Daar is leerlinge wat volgehoue gedrag openbaar wat onaanvaarbaar is en wat die onderrig sowel as die sosiale verkeer belemmer.

- **FEITE**

❖ Dissipline is 'n ononderhandelbare voorwaarde vir enige leer.

❖ Dissipline is ook noodsaaklik vir die sosiale funksionering van die kind. Kinders moet so geleer word dat ander ook van hulle hou.

- ❖ Ouers moet ook die maatreëls ten opsigte van dissipline deur die skool getref, eerbiedig en ondersteun.

- ❖ Dissipline bou die aanvaarding van gesag aangesien alle gesag van die Here kom.

- ❖ Die uiteindelike doel van uitwendige dissipline moet wees om die leerling te lei tot selfdissipline en selfgedrewendheid.

- **BYBELSE PERSPEKTIEF OOR DISSIPLINE**

Spreuke 20:30 'n Pak slae laat 'n mens ophou kwaaddoen;
dit laat 'n mens selfs ophou dink aan kwaad.

Spreuke 22:15 Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens,
maar 'n pak slae haal dit uit hom uit.

Spreuke 23 :13 & 14 Moenie huiwer om 'n kind te straf nie,
want as jy hom slaan, red jy sy lewe.
Jy moet hom juis slaan om hom van die dood te red.

Spreuke 29:15 'n Pak slae en 'n teregwysing bring wysheid;
'n kind wat sonder dissipline grootword,
steek sy moeder in die skande.

- **VOORSTEL**

Inleiding
Akademie Reformia as Christelike skool sou graag onbelemmerd die riglyne van die Bybel wou toepas, met dien verstande dat die onderwysers as verlengstuk van die ouers die tug in liefde en met verantwoordelikheid sal uitoefen. Die huidige wetgewing maak lyfstraf egter onwettig. Nou is die vraag of ons die Here of die regering gehoorsaam moet wees.
Daarom word die volgende voorstel ter tafel gelê:

- ❖ In geval van 'n oortreding (versuim om opdragte uit te voer, gedragsprobleme) word 'n inskrywing deur die betrokke onderwyser gemaak. Inskrywings van voorbeeldige gedrag en positiewe gesindheid word ook gemaak. Aan die einde van elke week word die inligting verwerk.
- ❖ By 'n derde inskrywing word 'n leerling se ouers in kennis gestel.
- ❖ By 'n sesde inskrywing hoor die hoof die saak aan tesame met die boekstawing van die vorige oortredings.
- ❖ Die hoof tree onmiddellik met die ouers in telefoniese gesprek. Die aard en graad van die probleem word aan die ouer gestel in 'n telefoniese of persoonlike gesprek. Samewerking ter opklaring van die probleem word van die ouers gevra. Detensie tesame met 'n diensbare taak sal as straf dien.
- ❖ By die eerste volgende geleentheid waar die leerling weer versuim om 'n opdrag uit te voer of enige gedragsprobleme openbaar, word die leerling weer na die hoof verwys. Die hoof tree weer telefonies met die ouers in

verbinding, kennis word gegee dat straf toegedien gaan word en die hoof gaan voort met die toediening van die straf.

LET WEL : Die hoof tree nie by hierdie geleentheid in gesprek met die ouers of die leerling gestraf moet word al dan nie. Die hoof lig die ouer in dat die straf toegedien gaan word.

Indien 'n ouer nie met hierdie reëling akkoord gaan nie, moet daar oorleg gepleeg word om so 'n leerling dan wel op die regte pad te lei.
Indien daar hardnekkige probleme by die leerling bestaan wat skynbaar onoplosbaar blyk te wees, sal daar na oorleg oorgegaan word tot dissiplinêre verhoor en skorsing.

DIE HOOFDOEL VAN DIE BELEID:

- Die versekering van goeie dissipline en 'n rustige leeromgewing.
- Om kansvatters en ongedissiplineerde leerlinge te roep tot verantwoording.
- Om negatiewe karaktertrekke af te keer en positiewe eienskappe aan te moedig.
- Om 'n historisiteitsbeleid (lêer met oortredings en prestasies van elke leerling [*verslaglêer/verslagdokument*]) van elke leerling daar te stel.
- Erkenning aan die leerling se reg op dissipline en om aangehoor te mag word.
- Om die vordering met die opvoeding van elke leerling te weerspieël.
- Om leerlinge wat ernstige gedragsafwykings openbaar en ander leerlinge negatief beïnvloed, te identifiseer, vermaan en begelei ten einde sy/haar gedrag te verbeter. Indien die gedrag nie verbeter nie, kan so 'n leerling geïsoleerd (geskors) word ten einde sy/haar invloed op ander leerlinge te minimaliseer.

POSITIEWE DOELWITTE OM CHRISTELIKE DISSIPLINE OP TE BOU

	God se wil vir my kind ...	***..... Die volgende dus nie toegelaat nie***
1.	**Gehoorsaamheid** (Efesiërs 6:1)	Ongehoorsaamheid
2.	**Respek vir gesag** (Efesiërs 6+2)	Opstandigheid, teëpratery, vuil kyke, onbeskoftheid.Ouers, kinders, opvoeders wat aner mense met woorde of dade seermaak, moet onmiddellike omgewing verlaat totat hul breid is om restitusie te doen.
3.	**Selfbeheersing en Orde** (Spreuke 14:29; 16:32; 25:25)	Onbeheersdheid, woedebuie, humeurigheid, volgehoue self-bejammering.Ontwrigting.
4.	**Geduld/Genade** (1 Tes 5: 14)Ons toon genade aswanneer daar 'n mooi gesindheid is, en skulderkenning.	Ongeduld,onverdraagsaamheid teenoor ander wat anders is as ons, of sukkel.

5.	**Pligsgetrouheid** Entoesiasme, motivering, bekwaamheid (Spreuke 15: 19; Rom 12: 11)	Luiheid, traak-my-nie-agtigheid, ongeïnteresseerdheid
6.	**Goedhartigheid** (Efesiërs 4: 32)	Onbeskoftheid, selfsug
7.	**Selfvertoue en moed** (Josua 1: 9; 2 Tim 1: 7)	Vrees en skuheid*
8.	**Geluk en vreugde** (1 Pet 3: 10; Fil. 2: 14, 4: 4)	Terneergedruktheid en klaerigheid
9.	**Liefde vir mekaar** (Rom. 12: 10 ; Jak. 4: 11 ; Titus 3: 2)	Kritiek
10.	**Vermoë om oor die weg te kom** (Mat. 5: 9; Rom. 12: 18; Ef. 4: 31)	Stryery, twis, onenigheid
11.	**Eerlikheid** (Rom. 12: 17 ; Ef. 4: 25, 28; Spr. 11: 1)	Ons werk skouer aan skouer,ons gebruik nie emosies, mag of woorde om mekaar te dreig of manipuleer nie. Leuens, kullery, diefstal
12.	**Wysheid en kennis** (Spr. 2: 4 – 9; 8: 33)	Onkunde en gebrek aan opvoeding
13.	**Reinheid** (2 Tim. 2: 22)	Perverse idees of wanpersepsies van seks
14.	**Vriendelikheid** (Spr. 18: 24; 2 Tim. 1: 7)	Skugterheid*
15.	**Betroubaarheid en lojaliteit** Verantwoordelikheid en getrouheid (Spr. 11: 13 ; 25: 19)	Onverantwoordelikheid

- *Hierdie (*bogenoemde karaktertrekke) is nie "strafbaar" nie, maar leerlinge word aangemoedig om waagmoed en vertroue te toon.*

GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE

Verwagtings

Indien ons as skool reëls sou moes neerlê vir elke moontlike oortreding, sou die dokument lank en lywig wees en in elk geval skuiwergate laat. In plaas daarvan om "moets en moenies" te lys, wil ons verwagtings daarstel om na te streef met die hulp van die Heilige Gees en deur samewerking met die huisgesin en verantwoordelike gemeente.

Akademie Reformia se verwagtings berus op Jesus se woorde in Matteus 22: 37 – 39:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

1. **"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand."**

1.1 Ons aanbid slegs vir God, die Drie-enige. Dit is belangriker as mag of besittings. Ons fokus op God, neem deel aan lofprysing en leer uit Sy Woord.

1.2 Omdat die Naam van God heilig is, misbruik ons dit nie. Ons praat liefdevol van en met God.

1.3 Ons aanvaar geen ontheiliging, obsene taal of tekens, of oneerbiedigheid van en teenoor die Woord van God of sy Skepping nie.

1.4 Ons onderrig onderdanigheid aan die gesag van ouers, onderwysers en ander wat God oor ons aanstel. Ons respekteer ons ouers en verwag van leerlinge om hoflikheid, respek en gehoorsaamheid teenoor personeel en studenteleiers te toon.

2. **"Jy moet jou naaste liefhê"**

Ons siening van naasteliefde is:

2.1 **Waarheidsgetrou** – ons sal altyd die waarheid praat.

2.2 **Eerlik** – dit is sonde om enigiets te neem wat nie aan jou behoort nie – ons mag nie steel nie. Jy moet getrou wees aan jou woord.

2.3 **Goedhartig** – ons gedagtes, woorde en dade mag nie hatig of kwetsend wees nie. Ons verwag bedagsaamheid, deernis, vergewensgesindheid eerder as bitterheid.

2.4 **Eerbiedig** – ons respekteer ons personeel, studenteleiers, portuurgroep en jonger kinders. Respek sluit in:

- Volwassenes groet
- Besoekers aan die skool groet
- Betyds wees vir klasse, skoolfunksies en –byeenkomste
- Hulp en diens aan ander
- Erkenning aan ander se unieke, Godgegewe talente en gawes.

2.5 **Rein** – ons gedagtes, woorde en dade sal rein wees, sonder enige seksuele onkuisheid of vuil taal.

2.6 **Tevrede** – ons is in alle omstandighede dankbaar teenoor God vir alles wat Hy vir ons gee en pas ons fasiliteite en eiendom goed op. Ons moedig 'n gees van aanvaarding aan.

3. **"Liefde vir jouself"**

3.1 Ons erken dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is en sal dit nie skade berokken deur:

- Seksuele losbandigheid
- Middels te misbruik (bv. dwelmiddels, rook en alkohol),
- Skending van die liggaam (bv. eetversteurings) nie.

Ons sal leerlinge wat hiermee probleme ondervind, aanmoedig om Christelike berading te ontvang.

3.2 Ons toon selfrespek deur:

- Ons skooldrag op die korrekte manier te dra;
- Akademiese werk van hoogstaande gehalte te handhaaf deur:
  - Klas- en tuiswerkopdragte na die beste van ons vermoë te voltooi;
  - Ons klaswerk, tuiswerk en opdragte betyds in te lewer;
  - Al die nodige boeke en skryfbehoeftes in die klas te hê;
- Deelname aan die skool se liggaamlike opvoedingsprogram, asook die buitemuurse program – met 'n positewe gesindheid.

DIE IMPLEMENTERING EN PRAKTIESE TOEPASSING VAN DIE STELSEL:
'n Verslagstelsel word gebruik by Akademie Reformia om gedragsuitvalle betyds te identifiseer en te hanteer, asook om goeie gedrag en werk te beloon.

'n Leerling word dus gepenaliseer met 'n inskrywing indien hy/sy 'n kategorie een, twee of drie oortreding begaan. Die leerareaonderwysers is verantwoordelik om gesonde oordeel te gebruik wanneer leerlinge met 'n inskrywing gestraf word. Die rekord met oortredings word ook aangewend met intervensie en ook op die leerling se profielkaart.

'n Volledige lys met kategorie oortredings sal aan elke leerling en ouer beskikbaar wees. Kortliks net 'n omskrywing van die kategorie oortredings:

Kategorie 1 : Hierdie oortredings hou verband met die leerling se skoolwerk. Met verwysing na voorbeelde soos huiswerk, kurrikulêre opdragte wat nie uitgevoer is nie, boeke nie by die skool nie, ens.

Kategorie 2: Oortredings ten opsigte van ontoelaatbare gedrag of optrede.

Kategorie 3: Oortredings van 'n ernstige morele aard wat onmiddelike ingryping noodsaak. Met verwysing na oortredings van ernstige vernielsug, uiterse aggressie, diefstal, ens.
Die proses wat in geval van bogenoemde kategorie sal gevolg word:

- Voorlopige ondersoek sal deur die skool gedoen word om die geldigheid van die saak te bepaal;
- As daar genoegsame bewyse is om voort te gaan, sal die leerling(e) se ouers skriftelik ingelig word omtrent die aanklagte.

- Die leerling(e) sal tydelik uit die skool geskors word- vandat die klagte gelê is, totdat 'n verhoor plaasvind;
- Daar sal genoeg tyd gegee word vir die voorbereiding vir die verhoor(ten minste twee dae)
- Die leerling(e) het reg om intern verteenwoordig/bygestaan te word,
- Die saak sal verhoor word deur 'n komitee wat deur die skoolbestuur aangestel is om die taak uit te voer.
- Die leerling(e) sal te alle tye met waardigheid behandel word.
- Die leerling/e sal skriftelik en vroegtydig van die besluit, sowel as die rede vir die besluit asook die straf wat opgelê word , in kennis gestel word.

Sonder dat die normale verloop in die klaskamer skipbreuk ly sal die proses soos volg verloop:

1. Elke voogonderwyser beskik oor 'n verslaglêer waarin positiewe of negatiewe inskrywings geskryf word.

2. Na drie oortredings teen 'n leerling se naam sal die voogonderwyser en hoof in gesprek tree met die leerling en 'n oplossing soek vir die frekwensie oortredings. Na ses oortredinge sal ouers gekontak word en detensie gesit word met diensbare opdrag. *(SMS na ouer stuur)*.

3. Indien die leerling steeds nie gehoor gee nie sal 'n besluit in oorlegpleging met die beheerliggaam van die skool geneem word om verdere en meer drastiese optrede te verseker.

4. Alle oortredings bly egter op rekord, alhoewel die leerling met die aanvang van 'n nuwe kwartaal met 'n skoon blaadjie begin. Alle oortredings vorm dus deel van die leerling se historisiteitsbeeld.

5. Alle aanmeldings geskied uiters vertroulik.

Gebruikstegnieke in dissipline: (Strafmaatreëls)
Enige wetlik aanvaarbare en departementele goedgekeurde maatreëls mag toegepas word, waaronder:

1. Mondelinge of skriftelike vermanings deur onderwysers vir oortredings deur leerlinge.

2. Konstruktiewe bykomende skoolwerk of huiswerk. Nie uitskryfwerk nie. Die straf is vir leerlinge wat deelname van ander leerlinge aan onderrigaktiwiteite benadeel, of gesels en speel as hy/sy moet werk. (Detensie pouse)

3. Take soos opruiming en verbetering van die skoolomgewing waar leerlinge bv. die terrein, badkamers, klaskamers, ens. bemors.

4. Agterbly na skool (detensie na 6 inskrywings). Verkieslik op Vrydae vir 'n minimum van 2 1/2 uur, maar nie langer as drie ure nie. Reëlings hiervoor geskied voortydig per sms aan ouers, dit sal gepaard gaan met 'n boete.

5. Tydelike skorsing (verbod aan deelname) aan sekere aktiwiteite indien 'n leerling se gedrag tot nadeel van die aktiwiteit strek. (Veral kat.2)(Kat 3 met onmiddellike effek)

6. Verbeur vergunning om gewone klere aan te trek.(Wegneem van meriete(Graad 3-7)

7. Verbeur vergunning om sosiale geleenthede by te woon. (Meriete wegneem)

8. Verbeur vergunning om bloktyd te neem tydens eksamen. (Meriete wegneem)

9. Dissipline lêer. (Graad 4-7) ouers se kennisname.

10. Behoudend die Onderwyswet en enige toepaslike Provinsiale wet, mag die Beheerliggaam van die skool, na 'n regverdige verhoor, leerlinge skors van bywoning van skool vir 'n tydperk wat nie een week oorskry nie.

11. Behoudend die Onderwyswet en enige toepaslike Provinsiale wet, mag 'n leerling permanent geskors word, slegs –

    - Deur die skoolhoof
    - Indien die leerling deur 'n regverdige verhoor skuldig bevind is en die skorsing deur die beheerliggaam goedgekeur is.

VERWERWING VAN POSITIEWE INSKRYWINGS:

Die stelsel maak ook voorsiening daarvoor dat leerlinge wat goeie gedrag openbaar, goed presteer en oor die algemeen positiewe leerlinge is, positiewe inskrywings kan verwerf. Die onderwysers sal in die leêr met die nodige dokumentasie aanteken watter positiewe eienskappe van die leerlinge erken word. Hierdie leerlinge word ook soos volg beloon:

- Leerlinge met geen inskrywing teenoor hulle name, ontvang 'n sertifikaat. Indien die leerling vier sertifikate deur die loop van die jaar verwerf het kan die leerling kwalifiseer vir 'n Akademie Reformia-balkie.

- Die persentasie vir goeie gedrag word bereken. Die klas met die hoogste persentasiegemiddeld vir die kwartaal kwalifiseer om 'n Vrydag van die kwartaal vroeër te verdaag of om gewone klere aan te trek. (*Nie kompetisie geooreenteerd wees nie. Elke registeronderwyser kan self besluit oor klas se gedrag)*.

- Skoolbywoning word ook op die vorm gemonitor en elke kwartaal sal die klas met die beste bywoning gewone klere mag aantrek skool toe.

- **(SLEGS HUISWERK)** Na 'n leerling drie keer agtereenvolgend huiswerk gedoen het, kan 'n negatiewe huiswerkinskrywing gekanselleer word. Dit word egter nie uitgevee nie, maar doodgetrek in die inskrywingslêer.

STELSEL VIR OORTREDINGS
Sien Gedragskode

OORTREDINGS

Kategorie 1:

1. Huiswerk nie geteken nie./ Huiswerkboek tuis.
2. Laat vir klas/skool/verlaat klas sonder geldige rede.
3. Verontagsaming van die klasreëls.
4. Beskadiging of verlies van skooleiendom.
5. Omsendskrywe nie voltooi, ens.
6. Besittings wat rondlê.
7. Steek ander leerlinge se besittings weg.
8. Huiswerk nie voltooi nie.
9. Ontwrig die klas bv. praat, eet, rondloop ens.
10. Praat tydens toetse of eksamen.
11. In besit van elektroniese toestelle soos selfone.
12. Onaanvaarbare gedrag.
13. Woon nie verpligte skoolfunksies by nie.
14. Voorkoms nie volgens skoolreëls.
15. Huiswerk glad nie gedoen nie / Boeke nie in die klas nie.
16. Take of werkstukke laat ingehandig.
17. Leuens en oneerlikheid.
18. Krap in persoonlike eiendom.

Kategorie 2:

1. Ontoelaatbare gedrag (respek) teenoor onderwysers / gesag.
2. Disrespek teenoor Christelike waardes
3. Werk afskryf.
4. Take of werkstukke glad nie ingehandig nie.
5. Versuim om klasse by te woon.
6. Liefkosing (Fisiese kontak)
7. Vloek en vuiltaal
8. Graffiti
9. Selfoon
10. Diefstal

Kategorie 3:

1. Ydelike gebruik van die Here se naam.
2. Nie Christelike optrede bv:
    - Diefstal
    - Bedrog
    - Pornografie

3. Besit van enige gevaarlike voorwerpe.
4. Onsedelike wangedrag.
5. Verbode middels.
6. Vandalisme
7. Teistering.
8. Aanranding.
9. Bakleiery, intimidasie en afdreiging.
10. Voortdurende swak selfdissipline.
11. Boelie.

12.Disrespek

STELSEL VIR POSITIEWE GEDRAG

Meriete

Afdelings

- Gedragskode en klasreëls.
- Voorbeeldige gedrag. (vrug van die gees)
- Kultuurgeleenthede
- Sportbyeenkomste
- Skoolterrein skoonmaak
- Akademies
- Sosiaal / uitreike

Gedragskode:
Sien gedragskode

Akademie
Vir die volgende akademiese vordering ontvang die leerling 5 (vyf kredietpunte):

- Verbetering van punte / werk.
- +5 % verbetering per leerarea, aan einde van eerste, tweede en derde kwartaal.
- Met die lees van drie (3) boeke per kwartaal in Afrikaans en Engels.

Diensbeurte
Leerlinge kan na aanleiding van personeel se aanbod positief reageer en julle self vrywillig (d.w.s. sonder enige verpligting) aanmeld om diens te lewer.
Sodoende kan hulle deur middel van dienslewering positiewe punte versamel. Hierdie dienslewering geskied oor die ganse spektrum van aktiwiteite wat by die skool aangebied word, en sluit die volgende in:

Sport

- Deelname
- Woon oefeninge by (almal)
- Daag op vir byeenkomste
- Ondersteuner

Sosiaal

- Deelname
- Bywoning
- Hulpvaardig

Kultuur

- Kuns en Kultuur
- Deelname
- Ondersteuner

Skoolterrein skoonmaak

- Klas opruim (afstof en uitvee)
- Papiere ens optel
- Tuin
- Die norm is 5(vyf) punte vir elke aktiwiteit wat bevredigend uitgevoer is.
- Die dienslewering moet ten minste een(1) uur in beslag geneem het om 5(vyf) punte te verdien.
- Dieselfde geld vir hulp aan groepe/onderwysers/ maats ens.
- Vrywillige ongevraagde hulp met opruiming na afloop van aktiwiteite sou byvoorbeeld hier van toepassing wees

Beloning aan leerlinge wat op 'n volgehoue basis kredietpunte verwerf

Wanneer 'n leerling die volgende mylpaal bereik het, word erkenning verleen.

- Leerlinge wat 50 positiewe punte behaal het, ontvang 'n spogsertifikaat tydens saalopening.
- Die toekenning word na elke 50 punte herhaal

- Wanneer die leerling, vir 'n hele kwartaal geen debiet- inskrywings ontvang het nie ontvang hy/sy 5 positiewe punte.

Positiewe doelwitte om Christelike dissipline te behou

	God se wil vir my kind ...	***..... Die volgende dus nie toegelaat nie***
1.	**Gehoorsaamheid** (Efesiërs 6:1)	Ongehoorsaamheid
2.	**Respek vir gesag** (Efesiërs 6+2)	Opstandigheid, teëpratery, vuil kyke, onbeskoftheid
3.	**Selfbeheersing** (Spreuke 14:29; 16:32; 25:25)	Onbeheersdheid, woedebuie, humeurigheid, volgehoue self-bejammering
4.	**Geduld** (1 Tes 5: 14)	Ongeduld
5.	**Pligsgetrouheid** Entoesiasme, motivering, bekwaamheid (Spreuke 15: 19; Rom 12: 11)	Luiheid, traak-my-nie-agtigheid, ongeïnteresseerdheid
6.	**Goedhartigheid** (Efesiërs 4: 32)	Onbeskoftheid, selfsug
7.	**Selfvertoue en moed** (Josua 1: 9; 2 Tim 1: 7)	Vrees en skuheid*
8.	**Geluk en vreugde** (1 Pet 3: 10; Fil. 2: 14, 4: 4)	Terneergedruktheid en klaerigheid
9.	**Liefde vir mekaar** (Rom. 12: 10 ; Jak. 4: 11 ; Titus 3: 2)	Kritiek
10.	**Vermoë om oor die weg te kom**	Stryery, twis, onenigheid

	(Mat. 5: 9; Rom. 12: 18; Ef. 4: 31)	
11.	**Eerlikheid** (Rom. 12: 17 ; Ef. 4: 25, 28; Spr. 11: 1)	Leuens, kullery, diefstal
12.	**Wysheid en kennis** (Spr. 2: 4 – 9; 8: 33)	Onkunde en gebrek aan opvoeding
13.	**Reinheid** (2 Tim. 2: 22)	Perverse idees of wanpersepsies van seks
14.	**Vriendelikheid** (Spr. 18: 24; 2 Tim. 1: 7)	Skugterheid*
15.	**Betroubaarheid en lojaliteit** Verantwoordelikheid en getrouheid (Spr. 11: 13 ; 25: 19)	Onverantwoordelikheid

Grondslagfase

POSITIEWE ERKENNING: GRAAD 1 – 3:

Die leerlinge skryf elke Vrydag 'n speltoets. Die punt word in berekening gebring vir die meriete toekenning met een Wiskunde werkstuk per week. Die punte word bewerk en aan die einde van die kwartaal word 'n sertifikaat oorhandig aan die leerlinge wat bo die klasgemideld presteer. Die res kry elk 'n sertifikaat vir deursettingsvermoë en harde werk. Leesspoed- en vlotheid word ook gedurende die kwartaal getoets en selfde prosedure word gevolg. Hierdie oorhandiging vind kwaartaalliks plaas .

Eerste en tweede kwartaal

- Vir elke 7 op die rapport 5
- Vanaf 4 na 5 of 5 na 6 op Rapport 5
- Pligsgetrou (huiswerk, nie laat kom ens) 5
- Netheid (boeke, skooldrag) 5

10 x = 5

- Lees Graad 1 – 10 punte vir elke 10 boek – punt per boek
  Graad 2 – 10 punte vir elke 20 boeke
  Graad 3 – 5 punte vir elke 20 boeke
- Hulpvaardig - Klas vir ten minste 5 x 5
  Boeke dra ten minste 5 x 5

Wanneer 'n leerling die volgende mylpaal bereik het, word erkenning verleen.

- Leerlinge wat 50 positiewe punte behaal het, ontvang 'n spogsertifikaat tydens saalopening.
- Die toekenning word na elke 50 punte herhaal
- Wanneer die leerling, vir 'n hele kwartaal geen debiet- inskrywings ontvang het nie ontvang hy/sy 5 positiewe punte.

Saamgestel deur: Me. Marietha Nel en Senior Personeel - 2008
Deurlopende opdatering
Hersien Desember 2015
Hersien 02/2018 (Mnr. Combrink)